

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UFS·UV

ARCHIVE FOR CONTEMPORARY AFFAIRS
ARGIEF VIR EIETDSE AANGELEENTHEDE

Inventory of the private collection of

JJ van Rensburg

PV84

Contact us

Write to:

Archive for Contemporary Affairs
University of the Free State
P.O. Box 2320
Bloemfontein 9300
South Africa

Visit us:

Archive for Contemporary Affairs
Stef Coetzee Building
Room 109
Academic Avenue South
University of the Free State
205 Nelson Mandela Drive
Park West
Bloemfontein

Telephone:

+27(0)51 401 2418/2646/2225

Email:

arca@ufs.ac.za

INVENTARIS VAN DIE PRIVATE DOKUMENTE - VERSAMELING VAN SEN. J. J. VAN RENSBURG

1. TOEGANKLIKHEID

Voorwaardelik

2. CURRICULUM VITAE

Josephus Janse van Rensburg is op 5 Mei 1876 in Bloemfontein - distrik gebore. Gedurende die Anglo - Boere - oorlog het hy as burger by die Boeremagte aangesluit en het aan die gevegte by Rooilaagte, Belmont, Tweeriviere, Magersfontein, Abrahamskraal, Sannaspos, Rooiwal en Bethlehem deelgeneem. Hy was by die kommando van genl. Marthinus Prinsloo by die oorgawe in die Brandwaterkom, maar het saam met Generaal Fourie en Kommandant Haasbroek ontsnap.

Na sy ontsnapping was hy saam met genl. C. R. de Wet gedurende 'n inval in die Kaapkolonie. Intussen is hy tot veldkornet bevorder by die kommando van genl. C. C. J. Badenhorst en was veral in die omstreke van Bloemfontein, Hoopstad en Boshof bedrywig. By een geleentheid het hy alleen 33 Britse troepe ontwapen. Gedurende gevegte is hy drie keer gewond.

Na die oorlog het hy weer begin boer, maar onder uiters moeilike omstandighede. Die boere was verarm en kon beswaarlik weer op die been kom. Onder hierdie drukkende omstandighede was hy lid van die Griewe - Komitee wat Gould Adams oor die uitbetaling van die beloofde vergoeding van R6 000 000 gaan spreek het. Dieselfde komitee het op 4 Desember 1904 die sogenaamde Griewe - kongres in Brandfort gehou. Die

stigting van die Oranje - Unie was 'n uitvloeiing uit hierdie kongres.

Josephus van Rensburg was die eerste voorsitter van die eerste tak van die Oranje - Unie in Brandfort. In 1905 was hy lid van die eerste skoolkomitee na die amalgamasie van die C. N. O. en die goewermentskole.

In sy omgewing het hy hoë aansien geniet en na die stigting van die Provinsiale Rade, is hy in 1910 as lid van die genoemde Raad vir Bloemfontein - distrik verkies. Hy is in 1913 as lid herkies. Vanaf Maart 1914 tot 1915 was hy lid van die Uitvoerende Komitee van die Raad. In 1913 is hy ook as kommandant in die Verdedigingsmag aangestel. In 1914 het hy aan die Rebelle deelgeneem; hy is gevange geneem en tot 'n jaar tronkstraf en R1 000 boete veroordeel. Hy is losgelaat nadat amnestie aan die rebelle verleen en die boete betaal is.

Op 12 November 1924 is hy as lid van die Volksraad vir Boshof verkies en is daarna tot sy uittrede as Volksraadslid op 11 April 1938, herkies. Op 6 Julie 1938 is hy as Vrystaatse Senator verkies en het tot 16 Desember 1959 lid van die Senaat gebly. Sen. Van Rensburg se oupa, mnr. D. B. Grobler, het eweneens vir etlike jare in die Vrystaatse Volksraad gedien.

Sen. Van Rensburg was met mej. Susanna Salomina Grobler getroud.

Bron : Oosthuizen, S. P. R. Register van die Provinsiale Raad van die Oranje - Vrystaat, 1911 - 1986,
bl. 47 - 48 en Die Volksblad, 27 Oktober 1984.

3. DIE DOKUMENTE

**Die dokumente is deur Senator Van Rensburg se seun,
Sen. D. G. J. van Rensburg, gedurende 1966 aan die
Politieke Argief oorhandig.**

INHOUD

PV 84

<u>Lêr nommer</u>	<u>Beskrywing</u>	<u>Bladsy</u>
1	A. Korrespondensie	1
1 - 2	B. Toesprake en verwante aantekeninge	1
3 - 4	C. Dagboeke	1
5	D. Onderwerpslêr : Anglo – Boere - oorlog	1
6	E. Inligtingstukke	1
6	F. Program	1
6	G. Persoonlike stukke	2

BYLAAG A : Voorwerpe

VOORLOPIGE INVENTARIS VAN SEN. J.J. (SEEF) VAN RENSBURG SE PRIVATE DOKUMENTE-
TEVERSAMELING

<u>Lêer nr.</u>	<u>Beskrywing.</u>	<u>Tydperk.</u>
A. <u>KORRESPONDENSIE.</u>		
1	1. Korrespondensie en plakboek i.s. eenwording van die Afrikanerparty en die Nasionale Party en sen. Van Rensburg se bydrae daartoe.	1946-1959
B. <u>TOESPRAKE EN VERWANTE AANTEKENINGE.</u>		
	1. Toespraak met Geloftedag op Josephinasdal.	16.12.54.
2	2. Aantekeninge. 3. Notaboeke.	
C. <u>DAGBOEKE.</u>		
3	1. Dagboek.	26.10.12-Maart '16.
	2. "	19.2.15-16.5.15.
	3. "	8.7.15 - Des. '15.
4	4. Getikte kopieë van dagboeke.	
D. <u>ONDERWERPSLÊERS.</u>		
5	1. Anglo-Boere-oorlog.	
	(i) Korrespondensie.	1899-1901
	(ii) Gepubliseerde dokument met handtekeninge van Regeringslede, Krygsoffisiere en afgevaardigdes van die Z.A.R. op die Volkskongres te Vereeniging.	31.5.1902.
	(iii) Herinneringe van Sen. van Rensburg.	
E. <u>INLIGTINGSTUKKE.</u>		
6	1. Uittreksels uit genls. Hertzog en Smuts se toesprake te Smithfield en Stellenbosch i.s. samesmelting.	4.3.33.
	2. Getikte verslag van 'n toespraak deur genl. Hertzog i.s. samesmelting.	6.3.33.
	3. Uittreksels uit Hansard i.s. verteenwoordiging van Naturelle in die Parlement.	April 1944.
F. <u>PROGRAM.</u>		
6	1. Program vir die Geloftefeesviering te Taabosspuit.	14-16 Des. 1959.

G. PERSOONLIKE STUKKE.

1. Adres aan sen. en mev. J.J. van Rensburg van die Helpmekeer-tak van die Verenigde Party. 20.8.38.
2. Mediese sertifikaat. 13.3.42.

BYLAE A : VOORWERPE

<u>VERWYSING</u>	<u>BESKRYWING</u>	<u>OPMERKINGS</u>
-	'n Servetring wat deur wyle Senator Van Rensburg gemaak is tydens sy gevangenskap in die Fort in Johannesburg vir sy aandeel in die 1914-Rebellie.	v 84/1
-	'n Servetring wat deur wyle Senator Van Rensburg gemaak is tydens sy gevangenskap in die Fort in Johannesburg vir sy aandeel in die 1914-Rebellie.	v 84/2
-	Corlogsmedalje (1899 tot 1902) wat toegeken is aan Senator J.J. van Rensburg.	v 84/3